22 Junie
2025

Rom. 12: 2

# Polsslag

## Gereformeerde Kerk Benoni



**Adres**

24b Miles Sharpstraat,
Rynfield, Benoni, 1514

**Kerkkantoor ure**

Maandag – Vrydag:
09:00 – 16:30

**Predikant**

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

**Pastorale berader**

Ds. Louis Buys
082 927 2034

**Kontakbesonderhede:**

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

# Not my final home

*Paul Tripp*

Read a sad message about
a church I love,
had to say to myself again,
"This is not my final home."

Family brokenness and division
tears at the heart,
had to reach out for this truth,
"This is not my final home."

Temptation seems to be around
every corner,
need to pause and consider,
"This is not my final home."

Another trusted leader crashes
and burns,
had to remind myself,
"This is not my final home."

Watching culture's descent
into insanity,
comfort myself with one thing,
"This is not my final home."

See faithfulness give way
to compromise,
I say with those who've gone before me,
"This is not my final home."

The presence and power of remaining sin
exposed again,
had to reflect on my destiny,
"This is not my final home."

Weariness with the struggle gives way
to eternity's longing,
rejoicing another time that,
"This is not my final home."

Creation all around seems to groan
under the curse's pain,
no hope without knowing,
"This is not my final home."

When evil seems to prosper
and good suffers,
I cannot let myself forget,
"This is not my final home."

When the war for the heart
seems unrelenting,
my strength is found in remembering,
"This is not my final home."

When the world offers nothing
that gives life,
I look up and remember,
"This is not my final home."

The bright promise at the heart of
the gospel of Jesus,
in Him my future is secured,
"This is not my final home."

**Buitedeur kollekte vandag:**

**GKSA Sustentasiefonds**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 15 Junie**

**Diens van barmhartigheid: R4 622**
**Snapscan: R3 946.64**
**Bystandsfonds Diakonie: R1 759**
**Snapscan: R349.08**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede:**
**Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




Elke plaaslike gemeente bestaan selfstandig onder die heerskappy van die Koning ons Here Jesus Christus. Die plaaslike gemeente is 'n tuiste vir die mense van sy omgewing. In hierdie geestelike tuiste werk die Here deur sy Woord en Gees op verskillende maniere vir die opbou en groei van die dissipels van Jesus. Die dissipels wat lewe as diensknegte van die Koning, verteenwoordig die Koninkryk van Jesus binne die plek waar hulle bestaan en funksioneer.

Die plaaslike gemeente maak hom wel nie los van die universele kerk nie. Die universele kerk is die ware gelowiges regoor die wêreld versprei. Die plaaslike gemeentes maak deel uit van hierdie groter geheel en moet daarom strategies wees oor hulle rol binne die universele kerk. Die universele kerk is immers nog meer 'n geheelbeeld van die verteenwoordiging van die Koninkryk.

Daarom roep die Here elke plaaslike gemeente om hulle geestelike paspoorte te vat en binne verskillende vorme van bedienings op reis te gaan. Op reis in uitreike, gebede, middele ens. orals na waar ons mede-burgers bestaan en bedien. Om hierdeur ook mekaar se hande sterk te maak en mekaar se laste te dra tot verheerliking van die Here ons Koning.




Sommige mense dink die Ou Testament praat van God se oordeel. 'n Wrede God. Maar die Nuwe Testament praat van 'n liefdevolle God. Dit is 'n fout! Wie vir Jesus verwerp, wie God se roepstem minag, kom steeds onder God se oordeel.

Jesus verduidelik dit met die beeld van kinders geroep om in hulle pa se wingerd te gaan werk. Sommige sê "ja", maar leef 'n "nee". Daarmee verwys Jesus na mense wat 'n uitwendige godsdiens beoefen. Hy impliseer daarmee die kerklike leiers van die tyd, maar dit het 'n voortdurende toepassing, nl. dat daar skynheilige mense in die kerk kan wees, deur al die eeue heen, wat eintlik maar konings van hulle eie harte bly.

Maar Jesus sê ook daar is hulle wat eers "nee" sê, maar dan tog gaan werk in God se wingerd. Dit verwys na mense – in Jesus se tyd – wat Johannes die Doper en Jesus se prediking gehoor het, en besef het: Dit gaan nie oor my godsdienstigheid nie, maar die genade van God wat my sondes bedek. En vir hierdie mense sê die Here – ongeag hoe erg jou "nee' was, jy is welkom in my wingerd!

Laat ons maar elkeen voortdurende selfondersoek doen – dat ons "ja" "ja" bly... maar as ons ontdek dat daar 'n "nee" in ons lewe ontstaan het – die pad is altyd weer oop, terug na God, juis omdat Jesus ons verlossing is.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**22 Junie**
André van Tonder

**23 Junie**
Nelda Venter

**24 Junie**
Nicky van den Berg

**26 Junie**
Emma Johnson #

**27 Junie**
Francois Botha
Wimpie du Plessis
Delané du Rand #

***Dooplidmaat #***

***≥70 * ≥80 *****

***≥90 ******

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Crisca Pienaar sterk nog aan in die *stepdown* en word moontlik oor die naweek ontslaan.
- Dorene Smit se bestraling is goedgekeur en het afgelope week begin.

**Ds. Rynhardt Pretorius is met verlof van 26 Junie tot 7 Julie. Kontak asb. Lidia by die kerkkantoor vir dringende sake.**

## GEMEENTE ADMINISTRASIE

Ons verwelkom graag vir Ronald, Monya en Olivia Churcher. Mag julle gou hier by ons tuis voel en inskakel!




**LAERSKOOL KINDERS: ONTHOU OM 'N BLAADJIE IN TE VUL TYDENS DIE DIENS**



# TWEETAL PREDIKANTSKANDIDATE


Na afloop van ontmoetings met ds. Jaco Linde van GK Witrivier en ds. Barend van der Westhuizen van GK Ermelo, word beide hierdie predikante as bekwame en geskikte kandidate gesien wat goed sal kan inskakel by ons gemeente.

Die kerkraad het daarom besluit om hulle as tweetal aan die gemeente voor te hou. Ons hou vanoggend tydens die **oggenddiens** ‘n gemeentevergadering, waartydens daar ‘n gemeente stemming sal wees.



## Ds. Jaco Linde (GK Witrivier)

- Getroud met Suzaan vir 6 jaar.
- Geen kinders nie.
- Geniet dit om te kamp, fotografie, om te stap met hul honde en tyd met geliefdes deur te bring.
- Hy geniet *trail running* vir oefening.
- Hy het ‘n belangstelling in sielkunde en pastorale berading.
- 4 jaar in die bediening
- Eerste gemeente





## Ds. Barend van der Westhuizen (GK Ermelo)

- Getroud met Carike vanaf 2022.
- Hulle het ‘n seuntjie, Hanno.
- Geniet dit om te kamp, te draf en bergfiets te ry. Hy speel graag ook gholf en doen houtwerk in sy vrye tyd.
- Hy is tans besig met sy Meestersgraad in Nuwe Testament.
- 2 jaar in die bediening
- Eerste gemeente


BIBLIATHON
2025
Datum: Saterdag
16 Augustus 2025
Tyd: 10:00
Hekke en Registrasie
open 09:00
Birchleigh Laerskool
Olienhoutstraat
Birchleigh
INSKRYWINGSFOOI: INDIVIDUEEL - R50 || SPANNE VAN MAKSIMUM 10 - R500
* Prysuitdeling @ 12:00 met Pryse in Verskillende Kategorieë
* Kos en Vermaak
Opbrengs gaan na die Bybelgenootskap Suid-Afrika

# Bybelverspreiding



Die Diensgroep Bybelverspreiding rig met vrymoedigheid hierdie versoek aan die gemeente sodat ons ons harte kan oopmaak vir hierdie saak.

Ons gemeente het in 2023 'n totaal van **231 Bybels** aangekoop, versprei en uitgedeel. Verlede jaar, 2024 het ons **253 Bybels** versprei.

Ons het hierdie jaar hande gevat met *Harvesters Ministries* wat hierdie afgelope naweek aan meer as 60 lidmate 'n gratis kursus aangebied het oor dissipelmaking en ons sou graag 'n bydrae van **50 Chichewa (Chewa) Bybels** wil skenk vir hulle uitreik na Chongwe in Zambië waar hulle Bybels versprei, dissipelmakers- en pastooropleiding gee en kerkstigting doen. Sr. Veronica van der Wateren sal ons gemeente verteenwoordig in hierdie aksie en ons versoek ook u deelname in gebed vir hierdie aksie.

Hierdie Chewa Bybels is egter baie duur en beloop R448.50 per Bybel vir 'n totaal van **R22425**.


Vir ons eie uitreike benodig ons nog minstens **70 Engelse en 60 Sesotho Bybels** vir 'n totaal wat **R24518** beloop. Dit sluit nog die aanvraag vir die ander landstale wat ons verskaf uit.

Die aanvraag is groot maar die tekort aan fondse beperk ons in ons aksies.

As gemeente wat die Woord van God wil uitdra, is ons bede dat elke lidmaat met dankbare vrymoedigheid sal gee.

Donasies en bydraes kan in die Kerkkas inbetaal word onder die allokasie **" BYBELAKSIE"**

Indien u enige navrae het, kan u gerus Pieter Of Heléné Venter kontak by pavoptom@global.co.za, 0834578861 of vang ons n a die diens op die grasperk.



## PRAY FOR THE NATIONS - Please join us in prayer!

***Pray for the Eastern Cape as floods have devastated parts of the province and where many families have lost loved ones.***

- **Pray for God's comfort and strength to surround families who are grieving the tragic loss of their loved ones.**
- **Pray for wisdom, compassion and endurance for local leaders and aid workers as they respond to urgent needs.**
- **Pray for the Church in the Eastern Cape to shine as a steadfast beacon of hope, healing, and Christlike love through both work and action.**

## VOLWASSE KATEGESE

Ons begin weer binnekort met volwasse kategese. Indien enigiemand belangstel om deel hiervan te wees, kontak asb. Lidia Venter by die kerkkantoor.

# Polsslag advertensies

Junie 2025

Rom. 12: 2

## RIGLYNE VIR ADVERTENSIES:

- Gebruik duidelik leesbare skrif.
- Afskrifte word in swart en wit gemaak – maak seker die kleure is eenvoudig vir leesbaarheid.
- Advertensies word op die vroegste 4 weke voor ‘n geleentheid geplaas.
- Advertensies sal nie langer as 4 agtereenvolgende weke vertoon word nie.
- Stuur asb. alle advertensies na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.

## RIGLYNE VIR KENNISGEWINGS:

- Stuur asb. alle kennisgewins se bewoording na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.










*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

# WELKOM BY GK BENONI!

## Hier is 'n paar skakels om te volg om meer van ons gemeente se doen en late uit te vind en deel te word van ons aanlyn gemeenskap:

- **GK Benoni webtuiste**: Vir alles en meer oor ons gemeente: https://gkbenoni.co.za/

- **Die Gereformeerde Kerk Benoni Facebook bladsy**:
  Volg en deel ons gemeente se doen en late. Volg hierdie SKAKEL

- **Geref Kerk Benoni (@gkbenoni) Instagram bladsy**:
  Foto's en advertensies van kerkaktiwiteite. Volg hierdie SKAKEL

- **NUUT! GK Benoni Spotify kanaal**:
  Audio en video weergawes van dienste en Pitstop oordenkings.
  Volg hierdie SKAKEL

- **GK Benoni Whatsapp:**
  - ***Channel*** ('n anonieme platform met gemeente advertensies, skakels en meer vir lidmate, besoekers en belangstellendes). Volg hierdie SKAKEL
  - ***Pitstop groep*** (Whatsapp groep: weeklikse oordenkings video's en mp3 skakels). Volg hierdie SKAKEL

- **Pitkos en gemeente e-pos poslys** (weeklikse preek samevatting met die video & mp3 skakels en ander relevante e-posse). Volg hierdie SKAKEL

**KONTAK GERUS VIR LIDIA VENTER BY DIE KERKKANTOOR AS JY EEN VAN HIERDIE PLATFORMS WIL VOLG, MAAR NIE REGKOM NIE.**